**SAAMPRAATPAPIER** **28 APRIL 2013**

**VERTROU OP DIE HERE! OP HOM ALLEEN!**

1. Lees Genesis 22: 1-19 saam as groep en dan weer elkeen op hul eie. **Deel in die groep:** Wat spreek jou aan? Wat staan vir jou uit in hierdie gedeelte?

2. Tong in die kies: Party mense spot en sê Isak was op daardie stadium in sy moeilike tienerstadium en daarom het Abraham nie omgegee om hom te offer nie. Maar op ernstige nood: was Abraham eintlik 'n slegte pa wat nie vir sy seun omgegee het nie? **Wat het Abraham laat voortgaan om sy seun te offer?**

3. **Bespreek:** Wat sou jou reaksie gewees het as jy in Abraham se skoene was? Sou jy jou seun (en daarmee saam God se belofte van 'n groot nageslag) geoffer het? **Hoekom nie?**

4. **Wat verhinder ons om soos Abraham op God te vertrou?** Só op God te vertrou dat ons saam met Abraham kan sê: "God sal voorsien"?

5. **Wat is die dinge waarop ons soms vertrou in die lewe?** Selfs só vertrou dat ons daarop fokus vir hulp en uitkoms ipv om dadelik op God te vertrou?

6. **Is dit dinge waarop mens regtig kan vertrou?** Sal dit altyd daar wees vir jou? As ons weet en besef dat óns planne, óns werk, óns vriende, ens. nie altyd die antwoorde kan gee nie, waarom vertrou ons dan partykeer eerder daarop as op God?

7. **Deel met mekaar 'n situasie** in jou lewe waar God jou oë oopgemaak en laat besef het dat jou eie planne en ander dinge waarop jy jou hoop plaas, nie die antwoord is nie. Waar jy besef het die antwoord lê by God alleen; dis op Hóm alleen wat jy moet vertrou.

8. Ons lees hier dat God voorsien het. **Getuig/Deel met mekaar** een van die situasies in jou lewe waar God vir jou voorsien het.

9. **Bid saam**. Kom sê in hierdie gebede weer vir God dat jy op Hom alleen wil vertrou.

Gen 22: 8 en 14

*"Die Here voorsien"*

**Vertrou op Hóm, en Hom alleen!**